

SAGES Senior Golfers

LAEVELD / LOWVELD



NEWSLETTER / NUUSBRIEF

SEPTEMBER 2026

NO.09/2026

Clint Eastwood (80 plus jare) het gesê: "I get up every morning and don't let the old man in" toe hy gevra is hoe hy dit volhou om aan te gaan. Dit het my gedagtes op loop gesit en toe volg die volgende wat ek sommer vir myself moet wysmaak, kyk of dit jou ook kan help. (Miskien spook hy in jou onderbewussyn)

Los die Ouman buite

*Hy klop knaend aan jou deur,
veral op jou verjaarsdae
hy wil jou herinner dat jy oud is,
daarin het hy groot behae
Grendel jou deur, jy moet hom keer...
hy wil in jou kop inklim, dis feite.*

Los die Ouman buite.

*As hy eers in is, raak dit 'n krisis,
hy vul jou gedagtes in wat sleg is,
wat hy bedink het, word 'n bedreiging,
om jou te laat glo, daar's 'n verswakking.
Basta met hom, hy's 'n bobaas verleier.
Hy wil hê sy vriend Moedverloor moet by jou kuier.*

Los die Ouman buite,

*al loer hy en hulle deur jou ruite.
Hy en tydmors is broers
en hulle het vreemde bloed in gekry
en werk saam, om tyd verspul te kry.
Verbitterdheid en hy is neefs,
nooi hom in, en jou vrede is tevergeefs.
Opstandigheid en hy, is van dieselfde DNS*

Hulle kom maak in jou kop, 'n slordige nes.
Hy dwing jou om in 'n ry te staan
van uitgediendes, wat nêrens heen kan gaan....
Hy laat jou hoop in die niet verdwyn.
Los hom, laat hom in sy sotheid kwyn.
Dat die end nader kom weet jy van lankal af aan,
jy't die Ouman nie nodig om dit te beaam.
Kyk eerder intussen verder by die venster uit
en hou die deur vir die Ouman gesluit.
Hierdie Ouman is goed met skinderliegstories,
en hy't net die slegtes, om van te kies.
Vra jouself, hoe moet dit wees, daardie slag,
as jy nie kan onthou, wanner is jou geboorte dag?
Want dis dan, wanner die Ouman, begin met 'n geskinder,
dis dan, waar hy inkom en niks gaan hom hinder.
Hy wil jou van die werklikheid isoleer
Nou moet jy hom keer, buite jou deur.
Die Ouman is nog nie klaar met jou...
hy wil hê dat jy jou belangrikheid moet onthou.
Dis verby man, word 'n vriend van nederigheid
en onthou liewer, ons leef nou in genadetyd!
Lig jou ken en ken jou Lig, daar wag vir ons nog 'n goeie tyd.
Los die Ouman en sy hulle met hul misleidende gedagtes buite en uit.
Glimlag oral, meermale per dag
teenoor die wat dit nie van jou verwag.
Probeer omgee, so wyd as jy kan,
bly naby jou vriende, meer dan as wan.
Drink 'n wyn met sonsondergang.
Vermy die Ouman, gaan jou normale gang
Beoefen jou geloof in die Here, waar jy ookal gaan.
En beveel die Ouman gereeld, om buite te staan.
(The past has no future. The good times now have never been so good.)
September 2026

Die mis op die Long Tom pas het dit moeilik gemaak om op Lydenburg te kom. Nietemin, soos altyd, is dit 'n lekker plek om 'n Sages byeenkoms daar mee te maak. 51 spelers waaronder 14 besoekers kon deelneem.

- **BESOEKERS:**

Jan de Lange, Dewald en Jacques, Elfes Masego, Nico Olivier, James Luis, Dave Hilton, Irene Marais, Wendy du Preez, Beyers Adendorf, Swen Zellerman, Nolan, Solly Mmila & Flyball Mbongane

- **VERSKONINGS:**

See Whatsapp Group

- **THANKS TO THE FOLLOWING PEOPLE:**

Sybrand de Fortier (bestuurder) en Jaco Coetzer (klub kaptein) vir die gebruik van hul fassiliteite. Bert Griesel (perkemeester) vir 'n baie mooi en goed versorgde baan. Al die Sageslede van Lydenburg se bydraes. Dankie.

- **OKTOBER VERJAARSDAE:**

Nico Koen 08/73, Nelius Potgieter 11/56 *70, Jurgens de Jager 15/58, DC Human 20/47, Andre Appel 22/62, Louis Rautenbach 26/59, Kobus Smuts 28/63, Kobus Hugo 31/68, Leon du Plessis 31/49.

- **PERSONALIA:**

Dis vir my so verblydend om te rapporteer dat dit met Andre Doman baie goed gaan. Piet Burger is nog in die Kiaat Hospitaal, sy toestand het verbeter, die infeksie telling is laer en sy nierfunksie word beter. Net familie mag hom besoek. Ons dink steeds aan hom in ons gebede.

- **SPONSORS:**

Verskeie Lydenburgers het die dag geborg.

- **WINNERS:**

Today's Comp. IPS

1. Dave Shiels 42 pts.
2. Spyker de Beer 42 pts.

3. Arthur Steinfaard 53 pts.
 4. Tobie Horak 35 pts.
 5. Eileen Horak 35 pts.
 6. Dewalt 35 pts.
 7. Ben Botha 34 pts.
 8. Japie Maritz
 9. Irene Marais
 10. Rian Schoeman
 11. Johan J van Rensburg
 12. Jakes Labuschagne
 13. Jannie Liebenberg
 14. Herman Adendorf
 15. Dennie Taljaardt
 16. Leon du Plessis
 17. Sys Meyer
 18. Nolan
 19. Gerhard de Jager
- Spog twees : Danie du Toit

Naaste aan pen: Ockie Lombaard en Louis du Preez

Langste dryf: Spyker de Beer en Danie du Toit

Quantity Golf: Louis du Preez

Unfortunately, we cannot wait for members and their guests who are making a habit of coming late. A given tee-off time is there for a very good reason. Punctuality pays.

GENERAL:

CANSA auction and donations: the final amount collected is not yet known. Sadly, due to unforeseen reasons we were obliged to keep some unsold items for our October meeting at KPL.

The Northern Regionals held at Reading Country Club was great fun. Sages Lowveld members managed to win three or four novelty prizes!

NEXT MEETING will be held at HAZYVIEW at KPL on 15th October 2026.

Tot 'n volgende keer,

Leon du Plessis